# DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

## Van Vryheid

**in Gebondenheid aan die Woord**

## Tot Gevangenskap

**in Menslike Strukturalisme**

Dr P E van der Dussen
Pretoria, Augustus 2014

*Wagter, hoe ver is dit in die nag?*
*Wagter, hoe ver in die nag?*
*Die wagter sê: Die môre kom,*
*en ook die nag.*
*Wil julle vra, vra; keer terug, kom.*
*- Jesaja 21:11-12*

# VOORWOORD

Wanneer iemand ‘n dokter raadpleeg kan die dokter niks vir of aan hom doen voordat hy die pasiënt deeglik ondersoek het nie, nie behandeling voorskryf voor hy die aard van die ongesteldheid vasgestel het nie. Sinode-2012 van “die GKSA” het besluit dat ‘n kommissie die onenigheid in “die GKSA” moet ontleed en ‘n omkeerstrategie aan die beoogde sinode in Januarie 2015 moet voorlê. Daarmee is die voorgewénde skyn van een-van-hart-en-een-van-sin in “die GKSA” oopgebreek. Hoewel die besluit a-kerklik van aard is, erken dit die dekadelange smeuling in “GKSA”-geledere. Gebeure sedert Januarie 2012 bevestig dat dié erkenning noodsaaklik geword het teneinde die toenemend verlammende uitwerking van die onenigheid teen te werk.

Die besluit van 2012 bring “die GKSA” voor die keuse: *puranda, of reformanda*. Dit was ‘n ontvlugtingsbesluit wat die beoogde vergadering van getrapte afgevaardigdes van streeksinodes in Januarie 2015 voor ‘n dilemma gaan plaas. **Let daarop dat géén gemeente regstreeks seggenskap in die saak sal hê nie, tensy die verslag ruimskoots vooruit aan elke Gemeente vir oorweging gestuur word.** Gestruktureerde sinodokrasie is ‘n simptoom van die toestand in “die GKSA”. Om die verslag van kennisname en bespreking deur elke Kerkraad en Gemeente te weerhou, sal die optrede van en sedert 2012 nutteloos maak en die onenigheid vererger. Ook sal die vergadering die kommissieverslag heel eerste en baie breedvoerig moet hanteer en tot besluit(e) moet kom teneinde geloofwaardigheid te verseker oor hierdie en trouens elke ander besluit. Om die *oorsaak of oorsake van die toestand* in hierdie artikel te behandel sal voorbarig wees. Dit

sal die taak van die beplande vergadering in Januarie 2012 wees.

Waarom word “die GKSA” tussen aanhalingstekens geplaas? Die strukturalistiese denke van die twintigste eeu het die vrymaking van die Gereformeerdes in 1859 sodanig ondergrawe **dat vandag se lede van Gereformeerde Gemeentes na dieselfde sinodokrasie teruggevoer is wat die Hervormde Kerk van destyds beoefen het**. Volgens die Presbiteriale Kerkregeringstelsel het vergaderings van meerdere gemeentes géén regstatus nie, nie Kerkregtelik en nie Staatsregtelik nie, en bestaan dus nie werklik nie.

-0-0-0-0-0-0-

# SAMEVATTING

Op 11 Januarie 1859 verklaar vyftien ondertekenaars in ‘n brief aan die *Algemeene Kerkvergadering der Nederduitsch Hervormde Kerk in de Zuid Afrikaansche Republiek*: *Ondergeteekenden, zich bezwaard gevoelende over u genomen besluit van heden morgen, omtrent de aangeboden hulp uit Nederlands Kerk,..... verklaren door dezen vrijwillig, dat zij van nu af treden uit uwe kerkelijke gemeenschap en wenschen te bestaan als eene Vrije Gereformeerde Kerk, overeenkomstig de leer, tucht en dienst der vaderen....*

In Januarie 2015 sal die streeksinodes in “die GKSA” ouderlinge en predikante en ouderlinge na ‘n nasionale sinode afvaardig volgens die stelsel van getrapte verteenwoordiging van Gemeentes. Die getrapte afgevaardigdes sal daarom as die deputate, die afgevaardigdes, die verteenwoordigers van Gemeentes in die ressort van hulle streeksinode, in sinodale vergadering byeenkom. Sal hulle die sendende Gemeentes vooraf raadpleeg, veral oor die verslag oor ‘n omkeerstrategie? Sal hulle aan die Gemeentes wat hulle verteenwoordig kom verslag doen? Dit is die aangewese, sinvolle, eerbare Presbiteriale weg van die Dordtse Kerkorde. Dit stel die eis aan die vergadering om die verslag oor ‘n omkeerstrategie eerste en uitvoerig in behandeling te neem.

Wat is die wese van die Ware Kerk? Die Ware Kerk moet heilig wees soos God heilig is, **ín** die wêreld maar **nie ván** die wêreld nie, nie net op hierdie lewe gerig nie, maar eskatologies gerig om Gods volk wakende en die lampe brandende hou, wagtend op die Bruidegom, met die taak om in onvoorwaardelike

gehoorsaamheid aan Koning Jesus Christus **ín** die wêreld Sy Koninkryk sigbaar te maak en te bevorder.

Die woord *Kerk* kom nie in die Bybel voor nie, wel *gemeente. Kerk* het met verloop van tyd 'n *institusionalistiese* gevoelswaarde en betekenis gekry wat in *strukturalisme* en *organisasionalisme* ontaard het, in wese sentrale beheer. Dié denke sluit by sosiale én Kommunisties-Sosialistiese denke aan wat op die mensgerigte begrip *gemeenskaplik berus*, behorende tot 'n gemeenskap of kommune.

Kerklik kom dit in sinodokratiese kollegialisme tot uiting. "Die GKSA" het apostaties oor die laaste dekades 'n sinodokratiese rigting ingeslaan en van die Skriftuurlik-Presbiteriale kerkregeringstelsel wegbeweeg. In eie geledere word gemaklik Kerkgenootskaplik gedink dat meerdere vergaderings aan Gemeentes en hulle lede mag voorskryf. Dit veroorsaak verwarring en eiesinnige optrede en open die weg na apostaties-maatskaplik-politieke besluite en optrede wat die selfstandige Gemeentes bind.

Dr Abram Kuyper het twee weë vir die Ware Kerk onderskei. Herstel is moontlik solank onsuiwerheid, *impuritas,* geld. Geen kerk is ooit volmaak-suiwer nie omdat geen mens goed is nie. Teen onsuiwerheid kán en móét gestry word: *semper puranda* – deurlopend suiwerend. Daarteenoor staan **de**-formering (afbreek van die vorm) wat **ge**-reformeerdheid (voltooide herbou) aantas en apostatiese verbastering van kerk met wêreld meebring. Daarvoor sien Kuyper net een oplossing: R**e**-formering, **her**-formering, **terug**-formering, *semper reformanda* – **deurlopend re-formerend**.

# DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

# Van Vryheid

## in Gebondenheid aan die Woord

# Tot Gevangenskap

## in Menslike Strukturalisme

*Dr P E van der Dussen*
*Pretoria, Julie 2014*

## Vryheid In Gebondenheid

Op 11 Januarie 1859 verklaar vyftien ondertekenaars in ‘n brief aan die *Algemeene Kerkvergadering der Nederduitsch Hervormde Kerk in de Zuid Afrikaansche Republiek*[1]: *Hoog Eerwaarde Vergadering! Ondergeteekenden, zich bezwaard gevoelende over u genomen besluit van heden morgen, omtrent de aangeboden hulp uit Nederlands Kerk, wenschen zij evenwel van die hulp gebruik te maken, zoals die door de Kerk wordt aangeboden,* ***verklaren door dezen vrijwillig, dat zij van nu af treden uit uwe kerkelijke gemeenschap en wenschen te bestaan als eene Vrije Gereformeerde Kerk, overeenkomstig de leer, tucht en dienst der vaderen,*** *zooals die zich te Dordrecht, in de jaren 1618 en 1619 hebben geopenbaard in hunne Nationale*

[1] Met dank aan prof P H Fick vir die inligting

*Synode, de Kerkorde gewijzigd naar dat onze tegenwoordige omstandigheden het vorderen.* Daarmee het hulle gehoor gegee aan die bostaande oproep wat die Heilige Gees deur Jeremia tot afgedwaalde gelowiges gerig het ***So spreek die HERE: Staan op die weë, en kyk en vra na die ou paaie, waar tog die goeie weg is, en wandel daarin; en julle sal rus vind vir julle siel (Jeremia 6:16a).***

In Januarie 2015 sal DV die streeksinodes in "die GKSA" ouderlinge en predikante en ouderlinge na 'n nasionale sinode afvaardig volgens die stelsel van getrapte verteenwoordiging van Gemeentes. Die getrapte afgevaardigdes sal as die deputate, die afgevaardigdes, die verteenwoordigers van Gemeentes in die ressort van hulle streeksinode, in sinodale vergadering byeenkom. Sal hulle die sendende Gemeentes vooraf raadpleeg, veral oor die verslag oor 'n omkeerstrategie? Sal hulle aan die Gemeentes wat hulle verteenwoordig verslag doen? Dit is die aangewese, sinvolle, eerbare Presbiteriale weg van die Dordtse Kerkorde. Dit stel die eis aan die vergadering om die verslag oor 'n omkeerstrategie eerste en uitvoerig in behandeling te neem teneinde te verseker dat verdere beraadslaging en besluitneming sinvol sal wees.

## 'n Vrye Gereformeerde Kerk in die Zuid-Afrikaansche Republiek

Met beroep op die Woord van God en die gevestigde Gereformeerde Belydenis en Kerkorde het die broeders in 1859 hulle van die Nederduitsche Hervormde Kerk se sinodale

gewetensbinding **vrygemaak**.[2] Die beswaardes was eenvoudige kerklede. Sommige was ouderlinge (presbiters) en diakens, sommige afgevaardigdes na die betrokke vergadering, in status en voorkoms en herkoms vergelykbaar met die dissipels van die Here Jesus tydens sy omwandeling op die aarde, sonder geleerdheid maar met 'n grondige kennis en deurdrenktheid van Skrif en Belydenis. Die HERE het dit so beskik dat ds Dirk Postma van die *Christelijke Gereformeerde Kerken* in Nederland juis toe in Suid-Afrika was. Hy het as raadgewer opgetree, **maar die vrymaking en die stigting van die Gereformeerde Kerk te Rustenburg was die werk van die oorspronklike beswaardes en ander kerklede orals in die Zuid-Afrikaanse Republiek**. Dit is 'n onbetwisbare teken van regering deur kerklede en bepaaldelik ouderlinge of presbiters volgens die Presbiteriale Kerkregeringstelsel - 'n deurslaggewende werklikheid wat maklik misgekyk word. Ook in die Oranje-Vrystaat (Redderburg) en die Noord-Ooskaap (Colesberg en Burgersdorp) was daar onder kerklede toenemende ongeduld met die Nederduitse Gereformeerde Kerk se gewetensdwang en het sake langs dieselfde weg as in die ZAR verloop.

Die Gereformeerde Gemeente Rustenburg is gestig deur mense vanoor die hele ZAR. Dit het wyksgemeentes gehad, met eie ampsdraers, te Waterberg, Pretoria, Mooirivier, Suikerbosrand en Lydenburg. Blykens ou notules was sekere optredes deur die wyksgemeentes aan goedkeuring deur 'n breë Kerkraadsvergadering onderworpe. Namate die

[2] Die aard van die gewetensdwang en die geestelike vryheidsinslag word uitvoerig bespreek in J P Jooste: *Die Geskiedenis van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika1859-1959*, Hoofstuk 2 en 3 met besondere veerwysing na bladsy 51-61. Hier word dit as 'n gegewenheid aanvaar.

wyksgemeentes selfstandig geword het, is die onderlinge eenheid gehandhaaf. Die plaaslike omstandighede, veral afstand, het tot volledige selfstandigheid van die wyksgemeentes as die plaaslike openbaring van die Liggaam van die Here op al die plekke gelei, ooreenkomstig die selfstandige gemeentes wat deur Paulus se werk in Klein-Asië en Europa totstandgekom het en wie se selfstandigheid in Openbaring 1:1-3 bevestig word. In die plek van die gesamentlike Kerkraad te Rustenburg het mettertyd Kerkverband, Klassis en Sinode gekom, wat aanvanklik die teken gedra van die gemeente van Antiogië se afvaardiging na Jerusalem gedra het, naamlik om oor ‘n *voorafgestelde* saak te gaan navraag doen en leiding van ‘n *eendersgesinde* gemeente te kry**.**

Kort ná Rustenburg het Reddersburg hom van die NG Kerk in die OVS **vrygemaak**, en Burgersdorp eweneens van die NG Kerk in die Kaap. In 1862 vergader hierdie drie Kerke se verteenwoordigers in wat as die eerste meerdere vergadering van Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gesien word. Deur afstand geskei was hulle een van hart en een van sin, so nie in oorsprong nie dan wel in belydenis, en kon derhalwe eintlik as een Gereformeerde Gemeente gesien geword het. Hulle het op gesamentlike optrede oor gemeenskaplike sake soos die opleiding van predikante ooreengekom. Di Dirk Postma en J Beyer, albei Christelijk Gereformeerd en in die Presbiteriale Kerkregeringstelsel geskool, was die enigste predikante, **maar ouderlinge het steeds die pad aangedui**. Op hierdie vergadering is ds Postma se voorstel vir ‘n Kerkorde **deur ouderlinge van die hand gewys en die Dordtse Kerkorde as gemeenskaplike Kerkorde aanvaar** waarvolgens die onderlinge verhouding gereël word. Hierdie Kerkorde het die

selfstandigheid van elke Gemeente volgens die Presbiteriale Kerkregeringstelsel beklemtoon, waarvolgens die regerende ouderlinge of presbiters sáám met die lerende ouderlinge oftewel predikante as gemeenteregente in die naam van die Here Jesus Christus optree. Die twee predikante het dadelik met predikantsopleiding ooreenkomstig Artikel 8 Kerkorde begin, waaruit vier predikante voortgekom het. Die opleiding is in 1869 na die Teologiese Skool Burgersdorp oorgeplaas, onder ds Postma se leiding.

Die beginselgrondslag **vryheid in gebondenheid aan die Woord van God**, eerstens die vryheid ván lidmate, en déúr die lidmate die vryheid van plaaslike Gemeentes (Artikel 84 Kerkorde), het goeie vrugte afgewerp. Die slotfrase in Jeremia 6:16: *M**aar julle het gesê: Ons wil daarin nie wandel nie,*** **was nie van toepassing nie. Ons vaders hét** ***op die weë gaan staan; hulle hét teruggekyk tot hulle Dordt sien, hulle hét die goeie weg gekies, hulle hét daarin gaan wandel, hulle hét rus vir hulle siele gevind, rus wat hulle sonder vooraf wete vir die onstuimigheid van die destydse komende eeu toegerus het***. Die nuwe geslagte wat die oues opgevolg het, het hulle voorbeeld tot diep in die vorige eeu gevolg. Die hoë eise op staatkundige en veral maatskaplike terrein kon hanteer word. Dit het die Afrikaanse Bybel, Psalms, Dordtse Belydenisskrifte en Dordtse Kerkorde gebring en oor die algemeen gesonde verhoudinge tussen die destydse drie Afrikaanse kerkgroepe. Dr J D du Toit was 'n alombekende, geliefde en geëerde persoon. Daarteenoor het die Metodisme ná 1902 toenemend aanhang onder die verarmde Afrikaners verwerf, iets wat gedurende die Depressie van die jare-dertig 'n hoogtepunt bereik het. Die gevolg was onvermydelik dat die snel veranderings ná die Depressie wat deur die uitbreek van die

Tweede Wêreldoorlog meegebring is, ewe vinnige veranderings in die samelewingspatroon sou bring wat die kerke regstreeks geraak het. Daarby het die wêreldwye ontwrigting saam met ‘n vloedgolf tegnologiese ontwikkeling ‘n byna nuwe leefwêreld en lewensbeskoulike uitwerking gehad. Die tydgees van die twintigste eeu het die handhawing van die Dordtse Gereformeerde grondslag onder druk geplaas. Terselfdertyd het die gevestigde kollegialisme in die **Kerkgenootskaplike** Nederduitse Gereformeerde en Hervormde Kerke, asook die sterk neiging tot struktuurbou in die vorige eeu, die Gereformeerd-Presbiteriale **Kerkverband**-tussen-selfstandige-gemeentes in die oorkoepelende maatskaplike omgewing onder toenemende druk geplaas.

## Die Wese van die Kerk

Die Kerk, die Ware Kerk, word ten opsigte van herkoms, samestelling en optrede uitvoerig en uitdruklik in Artikel 27-35 van die Nederlandse Geloofsbelydenis beskryf. **Die grondslag daarvan is dat die Kerk nie ván die wêreld, dus die mens nie, maar van God is, en daarom aan die Goddelike opdrag moet voldoen: *Wees heilig, want Ek is heilig*** (Levitikus 11:44, 20:7, I Petrus 1:16)**. Die taak van die Kerk is om in onvoorwaardelike gehoorsaamheid aan sy Koning Jesus Christus ín die wêreld die Koninkryk van God sigbaar te maak en te bevorder.**

Die Kerk van Christus bestaan van geslag tot geslag uit die uitverkorenes en geroepenes van elke geslag, uit elke taal en volk en nasie. Die lede van die heilige algemene Christelike Kerk is almal mense binne bepaalde omstandighede en word deur daardie omstandighede nie net geraak nie, maar lewe daarvolgens en word daardeur beïnvloed. Dit geld nie net

praktiese sake soos die kwartaallikse Nagmaal, die voortspruitende Saterdagvoorbereidingsdiens, die diakonale kollekte ná of tydens die diens nie – sake wat sestig jaar gelede meerdere vergaderings besig gehou het. **Dit geld verál die onderliggende denke en gedragspatrone wat die antitese, die teenstelling tussen geloof en wêreld, tussen God en Mammon ooglopend en hoorbaar tot uiting laat kom.** Soos om nie op Sondag te koop nie; nie aan sinkretistiese bedrywighede deel te neem nie; die eienskappe van die Ware Kerk ooreenkomstig Artikel 29 NGB nougeset te handhaaf téénoor die wêreld en téénoor vrysinnige meedoen aan wat die wêreld bied; nie wêreldgelykvormig te word terwille van gewildheid of tersaaklikheid (relevansie) nie, nie rasioneel oftewel met die verstand wysbegeertelik met die wêreld saam te leef, te sosialiseer, kommunaal te raak nie, nie in die rewolusionêre oftewel opstandige denke verstrik te raak en op menslike wyse die wêreld te probeer omkeer nie, nie menseregte as dogma te bepleit en die Wet van die HERE vir die Handves van Menseregte te ruil nie, nie mensuitgedinkte omkeerstrategieë te soek om mensveroorsaakte onenigheid te besweer nie,.

**Inderdaad moet die ewigheidsverwagting, die eskatologiese afwagting van die wederkoms van Jesus Christus, deurlopend deur *die Kerk, die heilige, algemene, Christelike Kerk, die gemeenskap van die heiliges,* verkondig word *om Gods volk wakende te hou, sodat dit die oog op die gesigseinder bly rig. Gedurig moet die diensknegte van Jesus Christus as't ware die oor teen die grond hou... om te luister na die naderende***

***voetstappe van die Gesalfde Koning. Die bruidskerk moet die lampe brandende hou, wagtend op die Bruidegom*.**[3]

## Kerk en Gemeente

*Het Kerk* en *Gemeente* dieselfde begripsgevoel en gevoelswaarde? *Kerk* het uiteenlopende betekenisse. In die Gereformeerd-Presbiteriale betekenis word *kerk* ook vir *die plaaslike gemeente* gebruik. Voorheen het die twee wesenlik dieselfde betekenis, begripsgevoel en gevoelswaarde gehad wat met die Grieks *ekklesia* ooreenstem. Tog word die benaming *kerk* aan 'n ander Griekse woord *kyriake* gekoppel.

*Kerk* kom nie in die Afrikaanse Bybel voor nie, wel *gemeente*. Die oorspronklike *King James Version* praat wel van *church*. Die *Elberfelder Bibel revidierte Fassung* van 1985 gebruik in die Nuwe Testament *Gemeinde* vir *ekklesia,* in plaas van *Versammlung* in sy vorige vertalings. Die beredenering in die *Vorwort* gee goeie insig in die inhoudelike en gevoelswaarde van die twee woorde. *Versammlung* bring daadwerklik tot uitdrukking dat die *Gemeinde* die deur Jesus Christus saamgeroepe, versamelde skare is. *Versammlung* het as gevolg van die destyds opkomende Kommunisme-Sosialisme-Demokrasie die klank of betekenis van 'n menslike versameling soos vakbonde gekry. Kerklik het dit tot 'n denominasionele, amper sektariese siening van die geloof gelei. Die nuwe vertalers het nie *Kirche* nie maar *Gemeinde*

[3] Dr Dr S C W Duvenage: *Voor Sy Troon en Hier benede, Preke uit die Openbaring van Johannes,* bladsy 14. Pro Rege-Pers Beperk, 1968.

gekies. *Gemeente* het die gevoelswaarde van wat in die Belydenis *gemeenskap van die heiliges* genoem word.

So het *kerk* ander betekenisse en gevoelswaardes in kerklike denke gekry. Ná Sinode-2012 het ‘n Gereformeerde Predikant, strydig met die Presbiteriale Kerkbegrip, in ‘n koerantartikel sy oorweldigende liefde vir “die GKSA” verklaar, terwyl “die GKSA” bloot ‘n naam is sonder enige inhoud en Kerkregspersoonlikheid. Die uitlating druk suiwer kollegialisme uit waarvolgens “die GKSA” ‘n oorkoepelende **kerkgenootskap** sou wees met gemeentes wat aan voorskriftelike sinodokratiese regering deur meerdere kerklike vergaderings onderworpe is. Hierdie begrip word deur die Roomse en die Anglikaanse Kerk tot ‘n wêreldwye enkele struktuur uitgebrei. In Suid-Afrika is die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika voorbeelde van kollegialistiese kerkgenootskappe. Die Gereformeerde Kerke en die Afrikaanse Protestantse Kerke onderskryf (nominaal?) die presbiteriale kerkregeringstelsel. Die Steeds Hervormers wat van die Hervormde Kerk afgeskei het, neig blykbaar in dieselfde rigting.

*Kerk* het die afgelope eeu of wat ‘n al meer *institusionalistiese* gevoelswaarde en betekenis gekry wat in *strukturalisme* en in die laaste dekades toenemend in *organisasionalisme* ontaard het. Dit beteken niks anders as sentrale beheer nie. Kommunisme-Sosialisme het dwarsdeur die vorige eeu die staatkundige-sosiale-ekonomiese samelewing binnegedring. *Kommunisme* berus op die begrip *gemeenskaplik* (*communal)*, dit wil sê behorende tot ‘n gemeenskap of kommune. Die belang van die gemeenskap word oorheersend verklaar en persoonlike belang en vryheid van optrede en denke word by

wyse van wetgewing daaraan onderwerp. So ‘n stelsel kan nie anders as diktatoriaal ingestel word nie, soos Trotski, Lenin en Stalin dit in die Sovjëtunie gedoen het en MaoTseTung in Sjina. *Sosialisme* staan op presies dieselfde grondslag, maar pas dit sogenaamd by wyse van *sosiaal-demokrasie* toe om die skyn van vrywillige onderwerping deur die bevolking by wyse van verkiesing van verteenwoordigers in regeerliggame toe te laat. Sosialisme laat wel privaatbesit toe, maar beperk die persoonlike vryheid deur allerlei maatreëls soos enersyds belasting op elke moontlike saak, die instelling van allerlei sogenaamde sosiale voordele waardeur die vryheid van optrede van die produktiewe deel van ‘n volk ingeperk word terwyl die onproduktiewe deel in hulle kwaad gesterk word (II Tessalonisense 3:10). ‘n Sosiaal-demokraat verskil slegs in optrede van ‘n Kommunis, maar staan op dieselfde grondslag. Albei vergryp hulle aan die mens se geroepenheid tot en gebondenheid aan sy geroepenheid wat in Genesis 1-2 uitvoerig uiteengesit word.

**Verheffing van die gemeenskapsbelang bo die persoonsbelang van elke mens word toenemend tot op en binne die kerklike milieu weerspieël.** Hoe anders! Kerkmense is deel van die algemene samelewing. Dit kos moed, baie moed, om antiteties teenóór en téén die wêreld te bly staan. Die geneigdheid, die sug om met die menigte saam te loop, strek kerklik baie verder as kollegialisme. Let daarop dat in al hierdie gevalle van *-isme* gepraat word – iets wat mensuitgedink is en hoofsaaklik wêreldse begrippe uitdruk. Dit het tot gevolg dat “die kerk” al hoe meer as menslike sosiale instelling en organisasie en vereniging gestruktureer, gesien en bedryf word. Daarmee kry dit ‘n suiwer wêreldse betekenis wanneer daar gevra word dat “die kerk” hom oor

allerlei sake soos armoede en grondbesit en dies meer moet uitspreek, vir ‘n vredevolle verkiesing moet bid, hom tot steun van bepaalde staatkundige en partypolitieke rigtings moet verbind. **Die Gereformeerde Belydenis en Kerkorde sluit sulke oproepe uit as dit nie Skriftuurlik geregverdig word en ordelik langs Kerklik-aangewese kanale aan gemeentes gerig word nie. Dan moet elke gemeente op Skrifgronde besluit of en met welke ingesteldheid hy aan die oproep gehoor gaan gee. Dit is die enigste manier waarop die Gereformeerd-Presbiteriale Kerkregeringstelsel benader mag word om die Enigste Koningskap van die Here Jesus Christus te eerbiedig.**

## Die Koms van Sosial(isties)e Denke

Die getal Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika het ná 1859 geleidelik aangegroei. Maar veral die Tweede Engelse Oorlog het nie net aan die staatkundige vryheid van die Afrikanervolk ‘n einde gemaak nie, maar in die spoor van die groeiende kommunisties-sosialisties-demokratiese beweging op die persoonlike vryheid van elke mens ingedring. Die toestand in die twee gewese Republieke en dele van Noordoos-Kaapland ná die Britse gruweldade en verwoesting was ‘n teelaarde vir die erkenning van gemeenskaplikheid en kommunaliteit om mekaar op die been te help. Al was die Godsdienstige inslag onder die Afrikaners sterk genoeg om die gemeenskaplike eiendomsbegrip te verwerp, het die oorlog hulle burgerlike lewenswyse ontwrig en omgekeer.

Die gedagte van sáám-dóén het in die noodtoestand ná 1902 inslag gevind en tot die vorming van verenigings en organisasies gelei. Burgerlik het dit in die stigting van politieke partye onder Afrikaners in die voormalige Republieke

uitgeloop teneinde ‘n verenigde spreekbuis teenoor die koloniale owerhede daar te stel. Dit het op die spoor van die bestaande Kaaplandse partye geskied na die patroon van die Britse stelsel, het vrugte gedra en die demokratiese denke en lewenswyse onder die Afrikaners gevestig. Maar – die persoonlike vryheid van denke en doen is geleidelik teen partydissipline en organisasiegebondenheid ingeruil.

Die betekenis van demokrasie was tot die jare-sestig ‘n manier van aanwysing van volksverteenwoordigers in die Volksraad. Dit was in sekere sin met die aanwysing van ouderlinge en diakens in die kerke vergelykbaar, ook al het ‘n meerderheidstem in ‘n kerk nie die aard van ‘n oorwinning oor ‘n teenstander gehad nie. Broeders wat vir Kerklike ampte voorgestel word, verskil nie op beginselgrondslag van mekaar nie, wat wel die geval tussen politieke kandidate is. Inderwaarheid het demokrasie voorheen nie beteken dat iemand as persoon gekies is nie, maar op grond van die politieke standpunt wat hy verteenwoordig. Oënskynlik is dit steeds die geval. Die werklikheid is egter dat demokrasie in sigself tot politieke dogma en ideologie verhef is. Menseregte is die grondslag daarvan en beperk die persoonlike vryheid van spraak en doen. BEE, AA, vroueregte, rassisme as begrip is enkele voorbeelde van waaroor nie gepraat mag word nie.

**Die gees van Kommunisme-Sosialisme-Demokrasie het gedurende die vorige eeu die Afrikaanse kerkgemeenskappe binnegedring omdat die lidmate ook burgers van die land en deel van die oorkoepelende gemeenskap en van onderskeibare gemeenskappe uitmaak. Gemeenskapsdenke en die voortspruitende verenigingsdenke wat tot strukturele en organisasiedenke in die burgerlike lewe ontwikkel het,**

**het in “die kerk” onder die Afrikaners al sterker na vore gekom. Dit word hieronder ten opsigte van “die GKSA” uitvoeriger bespreek.**

## Van Kerkverband tot Wêreldse Struktuur

Strukturalisme – ondergeskiktheid aan ‘n struktuur waarby iets of iemand ingelyf is – en organisasionalisme – uitvoering van opdragte wat deur ‘n struktuurbestuur uitgereik word – lééf vandag in “die GKSA”. Dink maar aan die gevoelswaarde van begrippe soos klassis/sinode en veral streeksinode wat die sogenaamde kerklike eenheid aan streke pleks van belydenis bind. Daar bestaan volgens Skrif, Belydenis en Kerkorde van Gereformeerde Gemeentes nie sulke entiteite nie; die name verwys bloot na byeenkomste van meerdere gemeentes deur middel van hulle Kerkrade om oor voorafgestelde sake van gemeenskaplike belang te besin. Volgens Belydenis en Kerkorde behoort meerdere vergaderings tussen gemeentes plaas te vind wat een van hart en sin is en daarom slegs eenparig (konformerend) besluite mag neem. Die Nederlandse *Afscheiding* in 1834, die *Doleantie* in 1886 en die *Vrijmaking* in 1944 getuig daarvan, **so ook die vrymakende totstandkoming van die Gereformeerde Gemeente Rustenburg vanuit die Hervormde Kerk en Reddersburg en Burgersdorp se breuk met die Vrystaatse en Kaapse Nederduitse Gereformeerde Kerk.** In die jare-tagtig het die Afrikaanse Protestantse Kerk van die hedendaagse Nederduitse Gereformeerde Kerk weggebreek. Onlangs het die Steeds Hervormers die Hervormde Kerk verlaat. In Nederland vind daar die afgelope tyd herhaaldelik skeiding van weë plaas, ook in Amerika en Kanada. Skotland het ook verskeie Presbiteriale groeperinge.

Alles as gevolg van onenigheid van hart en sin as gevolg van afdwaling van Woord en Belydenis.

Daar was die dwang van Sinode-2006 dat "die GKSA" 'n enkelvoudige lid van die SARK moet word. Dink aan die verandering van Art 36NGB en die betekenis wat "Potchefstroom" daaraan heg. Dink aan die optrede van die Deputate Owerheid wat in die lig van die veranderde Art 36NGB[4] hulle opdrag so vertolk dat hulle namens "die GKSA" goeie betrekkinge moet opbou en handhaaf met 'n goddelose uit-die-aarde-aardse Kommunistiese regime, én met die meerderheidsparty in die regime wie se verkiesingswerwingsbyeenkomste bygewoon en by geleentheid met gebed geopen en namens alle lidmate van alle Gemeentes in "die GKSA" daar praat.

Ook binne "die GKSA" kom die beweging na strukturalisme en organisasionalisme openlik na vore. Die Administratiewe Buro, wat suiwer om administratiewe sake binne 'n Kerk**e**verband te hanteer gestig is, is in 'n selfstandige entiteit met 'n eie reglement omskep. Die HAT noem 'n reglement *voorskrif, verordening, bepaling, stel reëls* – almal woorde wat in gevoelswaarde binding bepaal, selfs regsbinding. Die Administratiewe Buro is 'n **burgerlike regspersoon** wat regsgedinge kan voer. Maar ook Kerklik binne "die GKSA" is hy 'n gesagsliggaam en bepaal sy reglement byvoorbeeld dat die voorsitter van 'n sinode ook die voorsitter van 'n ledevergadering van die Administratiewe Buro sal wees, **As burgerlike regspersoon skryf hy dus vooraf aan elke sinode as Kerklike vergadering voor**. Verder het die Administratiewe

[4] *Die Kerkblad* van Mei 2009 bladsy 8-9.

Buro in ‘n Diensburo ontaard wat onder meer Gemeentes oor hulle binnesake van raad en leiding sal bedien oor geldelike en ander sogenaamde praktyksake. Dit verleen aan die Diensburo magte wat met die hele Belydenis en Kerkorde in stryd is, naamlik dat daar geen ander gesag oor en in die Kerk bestaan as die Koningskap van die Here Jesus Christus nie. Dat die Administratiewe Buro as burgerlike struktuur geregistreer en burgerregtens oor bedingingsbevoegdheid beskik, beteken dat hy in wese deur staatswetgewing beskerm word en op regspraak van die staat kan aanspraak maak wanneer hy dit nodig ag. Die optrede van die Administratiewe Buro ten opsigte van agterstallige ramings is afdoende bewys dat hy hom tot burgerlike en dus sekulêre optredes wend.

**Elke Gereformeerde Gemeente gee sy Skriftuurlikbepaalde selfstandigheid prys as hy hom aan hierdie sekulêre instelling bind. Dit maak regstreeks inbreuk op die grondslag van vryheid in gebondenheid aan die Woord van God.**

## Van Struktuur tot Wêreldgerigtheid

Die wêreldse of sekulêre invloed is egter nie tot die strukturele beperk nie. Sinode-2012 het in sy onmag, sy onwilligheid om na die absolute gesag van die Skrif ooreenkomstig die algemene en besondere belydenisskrifte terug te keer, te refomeer, hom na ‘n sekulêre werkswyse gewend. Terwille van ‘n wêreldse eenheidsbegrip het die vergadering met meerderheidstem ‘n beleid in die vorm van ‘n omkeerstrategie aanvaar, ten spyte van die weerstand van ‘n beduidende aantal afgevaardigdes. Die woord *strategie* kom uit die krygs- of oorlogskunde en veronderstel ‘n stryd tussen twee of meer partye, in die hedendaagse pasifistiese gebruik

daarvan ‘n toestand wat teengewerk moet word. Met toepaslike aanpassing word dit deur die HAT beskryf as *die kuns om toepaslike hulpmiddele op die voordeligste wyse aan te wend en te gebruik* teneinde ‘n bepaalde doelwit te bereik. **In hierdie geval gaan dit om die herstel van uiterlike eenheid binne “die GKSA” wat ‘n skynstruktuur op kerklike terrein is. Die enigste middele wat in die verband gebruik kán en selfs mág word, moet noodwendig op die kerklike terrein gevind word, sterker gestel, in terugkeer na die Woord van God.**

As die onenigheid as gevolg van nie-kerklike wesensake ontstaan het, sou die oplossing maklik gevind kon word in die toepassing van die Christelike deugdes soos onderlinge liefde, verdraagsaamheid en versoening. **Dit het egter weens binnekerklike wesensake ontstaan, naamlik ‘n deurlopende veldtog om alle vertroude leerstellige stukke onder die vergrootglas te plaas en nie duidelik standpunt in te neem nie. Die Skrifgesag word stelselmatig aangetas en lei tot toenemende onrus binne “die GKSA”.** Om ‘n wêreldse omkeerstrategie gegrond op die Mammonitiese sakeomgewing op Godsdienstige terrein te probeer volg, sal geen vrugte dra nie en eerder die toestand vererger (Matteus 6:24vv, Lukas 16:13vv).

Kerklik is die voorafgaande volgens Artikel 27-35 NGB onaanvaarbaar omdat die enkele en absolute gesag van die Koning van die Kerk wat tegelyk die Woord is wat vlees geword het, sodoende deur menslike denke en planne verdring word. Dit is verstommend dat ‘n kerklike vergadering wat op *Sola Scriptura* roem, hierdie weg kon opgaan. Dit kom daarop neer dat afgevaardigdes nominaal van gemeentes daartoe gebring is om te aanvaar dat daar ‘n selfstandige

entiteit, ‘n struktuur genaamd “die GKSA” is wat sonder vooraf raadpleging en magtiging die onenigheid onder sy samestellende afsonderlike “lede” op wêreldlike (wêreldse?) wyse moet besweer. Die eenvoudige en Skriftuurlike weg vir ‘n kerkinstelling en kerkvergadering was en is tog skuldbelydenis en bekering terug na die Woord, ook genoem *reformasie* oftewel terug-vorming? So het “die GKSA” hom sélf in wêreldse strukturalisme en organisasionalisme beland.

Hoe lank hierdie voortgang geduur het, blyk uit die benaming van die sinodale vergaderings. In 1924 was die benaming *Handelinge van die Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika in sinode byeen....*. Sedert die jare-sewentig staan op die buiteblad boaan: *Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika*, en laer af: *Handelinge van die Sinode.....* **Die klem het van Gemeentes na Kerke na “die GKSA-struktuur-en-organisasie” verskuif.**

## Mensgerigte Apostase: Sosiale Bemoeienis

Die ware Kerk is deur God Self ingestel en het die taak om die Evangelie te verkondig deur middel van drie dienste: Woordbediening (die profetiese), ordening en tug (die koninklike), en barmhartigheid (die priesterlike amp). Dat die Kerk die lewensomstandighede van lidmate en die omstandighede in die wêreld daarbuite toelig en aanraak, spreek vanself (Galasiërs 6). Hy mag egter nie daarin vasval en in sy doen en late bemoeisiek wees en 'n humanistiese gees van liefdadigheid bo die Evangelie van verlossing stel nie. Soos Paulus waarsku: *As ons net vir hierdie lewe op Christus hoop, dan is ons die ellendigste van alle mense.* Daarom bedryf die Kerk nie *liefdadigheid* nie (Spreuke 12:10), maar *barmhartigheid* in Christus (Galasiërs 5 en 6). Barmhartigheid

behels baie meer as daaglikse materiële versorging. Aldrie die ampte van die gelowige moet daarin kenbaar wees. Daarin het die Here Jesus die voorbeeld gestel met die vermeerdering van die brode en visse.[5] Hy het die skare jammer gekry en met dankgebed die voedsel met deernis aan hulle uitgedeel. Handelinge 3:3-7 beskryf eweneens die inhoudelike betekenis van barmhartigheid.

**Sake op die horisontale maatskaplike (sosiale) terrein moet Skriftuurlik en van dááruit uiters omsigtig deur die Kerk benader word.** Psalm 126, 127 en 128 en Maleagi 3 is enkele voorbeelde hoe die Kerk die mens met ware prediking tot gelowige roepingsuitvoering opskerp en die owerhede so rig dat die burgers van die land ‘n stil en rustige lewe kan lei sodat hulle hulle daaglikse werk behoorlik kan doen, sodat die boerdery, veral die boerdery, in al sy fasette kan voortgaan en daar voedsel en kleding vir mens en dier kan wees. Totius[6] stel dit so: *Ons tref die eerste mens nie in ‘n stad, kantoor of fabriek aan nie. Ons moet hom soek op die land, en sy eerste taak was om landheer te wees. Dit moet dan ook sy fundamentele en vernaamste taak bly volgens hierdie Goddelike ordinansie.* Maar dit is nie die Kerk se taak om sélf oor die land en grond en die burgery te regeer nie. Daartoe is die Kerk nie in staat nie.

Volgens professor W W J van Oene[7] het (gereformeerde) Kerke in Art 28 KO ooreengekom dat die gewoonte van ontroue of apostate kerke **om met openbare verklarings en**

---

[5] Matteus 14 en 15 en die ooreenstemmende plekke in die ander Evangelies.

[6] Dr J D du Toit (Totius): `Versamelde Werke (1960) Deel IV bladsy 103).

[7] *With Common Consent,* Premier Publishing, Winnipeg, Kanada, 1990 bladsy 127.

**optredes of deur rewolusionêre groeperinge te steun in allerlei politieke sake in te meng**, in stryd is met die kerk en onversoenbaar met die gedragswyse wat ooreenkomstig die Woord van God behoorlik is. Inderdaad meen hy dat daar 'n tyd kan kom dat ons dankbaar sal wees oor die insluiting van hierdie artikel in ons Kerkorde omdat dit tot seën en voordeel sal wees dat ons kan toon dat Gereformeerde Kerke wesenlik van daardie religieuse liggame verskil wat aan die ware aard van die kerk ontrou geword en tot politieke en sosiale organisasies onder die dekmantel van die kerk gedegenereer het. Die implikasie is duidelik: **Ware Kerke moet apostate of ontroue kerke tug deur van hulle af te skei.**

Apostase word deur die HAT *geloofsversaking* genoem – eenvoudig maar skrikwekkend. Sinode-2006 moet in hierdie verband as die keerpunt in die gang van sake binne “die GKSA” gesien word. daarvan getuig die volgende voorbeelde:[8]

1. **Geweldmisdaad:** Die Deputate kry opdrag om *alle rolspelers – die kerk, die samelewing en die owerheid (nasionaal, provinsiaal en munisipaal) – van die omvang van die geweldprobleem te laat kennis neem en met mekaar in gesprek laat tree om gesamentlik te besin oor hoe die probleem van geweld die beste aangespreek kan word*.
2. **Armoede en werkverskaffing:** Aan die Deputate is verder opgedra om *saam met reeds bestaande instellings en organisasies advies te gee aangaande hulpverlening ten opsigte van die armoedevraagstuk, veral met betrekking tot projekte vir werkverskaffing – projekte wat arm mense begelei na volhoubare inkomstes, verder om getuienis te*

[8] Bylae A bevat meer inligting hieroor.

*laat hoor teenoor enige sisteem en skema, van wie ook al, wat mense verarm en uitbuit*.

3. **Betrokkenheid by wetgewing:** 'n Wye opdrag is dat die Deputate wetgewing *voortdurend moet monitor en voorgestelde wetgewing bestudeer en in die lig van die Skrif, Belydenis, Kerkorde,* ***Sinodebesluite en Gereformeerde etiek*** *op die mees effektiewe manier daarop kommentaar te lewer*.

4. **Grondhervormingsprogram:** Die Deputate kry opdrag om by die grondhervormingsprogram van die ANC-SAKP-regime betrokke te raak.

***5.*** **Die GKSA en die *Northwest University:*** In §4.4 van die *Ooreenkoms tussen die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Northwest University* staan: *Die Universiteit onderneem om saam met die Senaat van die Teologiese Skool die studie van teologiese studente waar te neem ooreenkomstig die reformatoriese teologie,* ***soos byvoorbeeld vergestalt in die navorsingseenheid van die Fakulteit Teologie, naamlik Die Reformatoriese Teologie en die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse samelewing.***

Al hierdie sake lê op die burgerlike owerhede se weg. Sodra die Kerk hom hiermee begin bemoei, begeef hy hom op die politieke terrein volgens die heersende partypolitieke ideologieë en bepaaldelik die ideologiese grondslag van die regering-van-die-dag.

In sy kommentaar op Sinode-2006 skryf Professor B Spoelstra in *Die Kerkblad* van Mei 2006 (eie beklemtoning): ***Die GKSA het stilswyend gebreek met Skrif- en histories gegronde*. *Waar die kerk op 'n outentieke wyse bestaan, is haar blote bestaan 'n kritiek op die samelewing. Versoening, genade en***

***hoop is sake waarom dit in die kerk gaan, maar wat nie in die samelewing gevind word nie. Die Kerk is 'n unieke gemeenskap – 'n skepping van God. Die kerk moet konteks-sensitief wees. Op kerklike wyse moet die volgende sake hanteer word: misdaad, armoede, werkloosheid, HIV, rassisme, korrupsie, regstellende aksie, ekologiese versteurings, ens.*** Die kerk word tot menslike sosiologiese samelewingsinstelling gemaak.

*Is die-regering-van-die-dag* en *die owerheid* dieselfde? Wanneer die regeringshoof van 'n land vervang word, verval die bestaande wette en bepalings nie. Daar word nog by stopstrate en rooi verkeersligte gestop. Belastingskale bly minstens voorlopig dieselfde. Winkels moet steeds aan wetlike beheer voldoen. Diefstal en moord bly misdade. Die skoolpligouderdom bly dieselfde....... Die staat kom nie tot stilstand nie. Weliswaar kan en mag en sal die nuwe regime sake in 'n bepaalde rigting begin stuur, maar hy sal noodgedwonge grootliks dieselfde strukture en mense moet gebruik om sy beleidsbesluite uit te voer. Doen hy dit nie, vind algemene verval plaas.

Dit is wat met die huidige ANC-SAKP-COSATU-regime in Suid-Afrika met sy Kommunisties-ideologiese inslag gebeur het en deurlopend al erger gebeur. Veral gaan dit om die handhawing van wet en orde sodat die bevolking 'n stil en rustige lewe kan lei terwyl hulle ooreenkomstig die Woord van God hulle roeping en taak nakom – die enigste taak wat volgens Romeine 13 deur God aan die owerheid gegee is, ongeag of dit 'n Christelike, Joodse, Moslem- of watse regering ookal is. **Kom die regering-van-die-dag hierdie taak nie na nie, verbeur hy die aanspraak om enigsins as owerheid erken te word. Nogtans bly die vereiste staan dat owerhede deur**

**burgers erken en geëer moet word. Dit beteken onderwerping aan die staatsbestel solank dit nie met die Woord van God in stryd is nie (Artikel 36NGB).**

Die huidige regime bring sy Kommunistiese ideologie al hoe meer in die praktyk in. Volgens die voorgaande paragraaf dra hulle wetgewing nie owerheidsgesag nie. Die mag is wel in hulle hande om dit af te dwing en daarom word dit tóg nagekom. **Dit is egter nie die Kerk se taak om enigsins aan hierdie beleidsuitvoering mee te werk nie. Inteendeel is dit die Kerk se taak om uit die Woord die wesenlike sondigheid van die Kommunistiese ideologie te verkondig, en te verkondig dat die Here HERE dit nie onbepaald sal verdra nie.**

Professor V E D'Assonville Senior[9] teken die kerk se bemoeienis met politieke vraagstukke as owerspel met die owerhede. Hy plaas politieke bemoeienis van die kerk in eskatologiese verband wanneer hy na die groot hoer in Openbaring 17 verwys: *Sy was 'n spesifieke persoon of instansie wat met die politieke leiers van die wêreld owerspel gepleeg het. Ons moet onthou dat ons hier met 'n visioen te doen het. Die boodskap word deur 'n visioen wat Johannes gesien het vandag aan die kerk deurgegee. En nou weet ons:* ***As die kerk of sinodes (tydelike vergaderings wat besluite neem), haar met die politiek begin bemoei en politieke sake op hulle tafel neem of insette vir die landspolitiek begin maak, waar dit nie meer oor God se Woord gaan nie – dan begin die kerk op die pad van owerspel met die staat beweeg.*** *Pasop, terugkeer word al hoe moeiliker! Nooit is die kerk se bestaan van 'n politieke party of 'n politieke ideologie afhanklik nie. Die beleid van die staat mag nooit die belydenis*

---

9 *Die Koms van Christus en die Antichris,* Marnix, 2006, bls 73.

*van die kerk, dat die Bybel die gesagvolle Woord van God is, vervang nie* (skrywer se beklemtoning).

Professor Herman Hoeksema[10] verbind die kerk se bemoeienis met wêreldlike sake met Openbaring 2:18-29 (eie vertaling): *Moenie op subjektiewe ervaring wegdrywe en sodoende die objektiewe beginsel van die Woord van God opsyskuif nie. Want slegs daardie Woord is ons veilige gids en vaste grondslag temidde van die sterk stromings van menslike teorieë. En beproef die geeste as valse profete na vore kom wat julle met hulle verbeeldingsvlugte op valse weë wil weglei, beproef die geeste, en verwerp hulle onmiddellik. Die valse leer kan soms agter ,n baie mooi masker skuil. In Tiatire was super-piëteit die masker. Hedendaags is die masker diens aan die mensheid. Natuurlik is diens goed solank dit nie bloot mensediens is nie, maar bo alles die dien van God.* ,n Goeie voorbeeld is die verskil tussen barmhartigheid ooreenkomstig Galasiërs 6:10 (die priesterlike amp van die gelowige) teenoor liefdadigheid in menslike bejammering (met verwysing na Spreuke 12:10). Dit loop maklik op onaanvaarbare vergoeliking uit soos dat diefstal en rowery goedgepraat word omdat mense arm is.

**Volgens Van Oene se woordgebruik het "*die GKSA" as Kerkverband* ver op die pad van apostase gevorder en bevind hy hom reeds op die glybaan van ontroue kerk wat eienskappe van die valse kerk openbaar. Dit word gevaarlik, en terugkeer word al hoe moeiliker. Elke Gereformeerde Gemeente is verplig om met betrekking tot Belydenis en Kerkorde na die uitwerking van die bostaande ontwikkeling op en in die plaaslike Kerke te kyk.**

---

[10] Behold He Cometh, p. 109. Verskyningsjaar voor 1965. http://www.cprf.co.uk.

Apostatiese afdwaling verg groot offers aan tyd, inspanning, geld en dies meer. Die eise van die hedendaagse gejaag om te kan oorleef spreek die instandhouding van gemeentes hard aan. As voorbeeld geld die moeite om bekwame ouderlinge en diakens te vind, **terwyl predikante toenemend verstrik raak in kommissies wat deur meerdere vergaderings aangewys word om sulke sake te hanteer**. Dit lei noodwendig tot toenemende verwaarlosing van gemeentelike herderskap en leraarskap, wat ewe noodwendig die plaaslike gemeente se geestelike lewenstyl benadeel.

**Die plaaslike gemeente is die kern van die Kerk van Christus, die sienbare openbaring van Sy Liggaam.** In die verlede is daar aanvaar dat Kerkverband hierdie status van die plaaslike gemeente erken en voorop stel. Die toestand het egter heeltemal omgeswaai sodat vandag die plaaslike gemeente aan Kerkverband ondergeskik gestel word. Kerkverband se bemoeienis en bemoeisiekheid met sogenaamde maatskaplike oftewel sosiale sake het daartoe gelei dat gemeentebelange op die agtergrond gedruk word. Dit kom sigbaar na vore in die ongekende bedrae wat feitlik onder dwang van die gemeentes gevorder word teneinde die Kerkverbandelike strukture aan die gang te hou.

## Kerkordelike Apostase

Die Teologiese Skool Potchefstroom is ‘n Kerklike instelling van “die GKSA” wat deur predikante van Kerke binne “die GKSA-dampkring” beman word wat die volgende opdrag in Artikel 18 Kerkorde moet uitvoer: *Die dienspligte van die professore aan die Teologiese Skool is om bedienaars van die Woord op te lei, die Heilige Skrif uit te lê en die suiwere leer teen die ketterye en dwalinge te verdedig.* Artikel 19 plaas die

verantwoordelikheid op die plaaslike gemeentes om te sorg dat daar studente is en hulle te ondersteun. Saamgelees bepaal hierdie artikels dat die TSP se professorale bemanning – die TSP as instelling – predikante vir gemeentes binne die dampkring van "die GKSA" moet oplei en daarvoor die middele by die betrokke gemeentes moet vind.

Die opleiding van predikante vir "die GKSA" is lankal nie meer die hoofsaak nie: Tans is daar 32 tersaaklike studente in die vier jaargroepe, terwyl daar 15 professore en 'n onbekende aantal deeltydse dosente aan die TSP verbonde is. "Die GKSA" het met die NWU, 'n wêreldlike staatsbeheerde instelling, ooreengekom *dat die Universiteit onderneem om saam met die Senaat van die Teologiese Skool die studie van teologiese studente waar te neem ooreenkomstig die reformatoriese teologie, soos byvoorbeeld vergestalt in die navorsingseenheid van die Fakulteit Teologie, naamlik Die Reformatoriese Teologie en die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse samelewing.* Let op dat dit nie om *Gereformeerde* teologie gaan nie, maar om *reformatoriese* teologie waarvan Pentakolisme, Metodisme en talle ander as voorbeelde dien. Die TSP gee sy eerste en enigste bestaansrede, die opleiding van predikante vir Gereformeerde Kerke binne die verband van "die GKSA", prys. Terselfdertyd aanvaar hy die medeverantwoordelikheid van 'n wêreldlike instelling vir die opleiding van alle predikante, dus ook predikante vir die genoemde Gereformeerde Kerke. **Kan daar 'n beter aanduiding van apostatiese optrede wees?**

Die TSP word steeds deur "lidmate van GKSA-kerke" befonds en word deur 'n *synodus contracta* bestaande uit predikante (sonder ouderlinge) bestuur wat driejaarliks aan "die GKSA"

verslag doen. Dit word as volwaardig-selfstandige akademiese (dus wetenskaplike en rasionele) instelling bedryf met groot klem op navorsing wat ten opsigte van nagraadse studie groot staatsubsidiëring oplewer[11]. Predikante ontvang na sewe jaar opleiding die graad ThM waarteen daar geen beginselbeswaar kan wees nie. (Let daarop dat nóg Artikel 8 nóg Artikel 18 die vereiste van 'n graad vir predikantskap stel nie. Dit geld inderdaad ook vir professore.). Ánder M- en D-grade bring groot staatsubsidies in terwyl studieleiers en promotors se belangrikheidstatus styg as hulle aan sulke studente leiding gee. Gevolglik word al meer predikante met beurse aangelok om verder te studeer. Dat in die studie groot verlies aan herderlike werkstyd en preekvoorbereiding geld, word oor die hoof gesien.

Navorsing is nie sonde nie. In I Petrus 1:10 spreek die Heilige Gees gunstig daarvan, maar Hy wys daarop dat die gelowige sy navorsing op Christus se koms en wederkoms moet rig. Terselfdertyd waarsku die Heilige Gees in Prediker 12 teen baie studie en baie boeke maak, met die byvoeging : *Die hoofsaak van alles wat gehoor is, is: Vrees God en hou Sy gebooie; want dit geld vir alle mense. Want God sal elke werk bring in die gerig wat kom oor al die verborge dinge, goed of sleg.*

Elke dominee is in werklikheid 'n Skriftuurlike navorser teneinde sy eerste pligstelling as leraar te kan nakom. Maar in

[11] Prof Ponti Venter het in 2012 op 'n AROS-konferensie gesê dat die PU vir CHO in die jare-negentuig van binne-uit deur sy beheerliggaam opdrag gekry het om sy grondslag op te het en 'n sakeonderneming te word. Dit is moontlik aaanvaarbaar vir ,n wêreldlike insteelling maar nie vir ,n Kerkgebonde instelling nie.

daardie navorsing mag hy nie anders as om I Petrus 1:10 eskatologies na te volg nie. Wanneer predikante egter aangemoedig word om nóg 'n M- of D-graad te behaal, verkwis hy sy dienswerktyd en geld, veral as dit oor 'n nie-noodsaaklike onderwerp vir sy bediening én vir die voortgang van die Kerk van Christus gaan. Ds Farel se waarskuwing aan propnent Calvyn toe dié nie die eerste beroep as herder en leraar na Gene wou aanvaar nie, kom sekerlik hier te pas. Artikel 18 Kerkorde vereis dat die dosente aan die TSP predikante vir "GKSA"-gemeentes oplei. Daarvoor is daar geen beter handleidings nodig as die Woord van God, die Belydenisskrifte en die Kerkorde nie. Daarvoor is geen verdere akademiese studie en navorsing nodig nie. Vier of vyf professore, een sonder Doktorsgraad, het tot ongeveer 1970 dit met groot eer en vrug behartig en predikante uitgestuur wat die Gereformeerde Kerke op die regte pad gehou het. Die gemeentes het die koste met blydskap en dankbaarheid gedra....

Die beginsel van staatsinspraak op Gereformeerde Gemeentes is in die status en werksaamhede van die Teologiese Skool ingevoer deur herhaaldelik op versoek van die *Northwest University* leerstoele te stig en professore aan te stel – versoeke wat nie geweier kon word nie omdat die *NWU* 'n aantal professore geldelik borg. Verskeie professore wat deur die Gemeentes onderhou word, het op eie stoom meegewerk aan die beplanning van 'n statutêre godsdiensteraad ooreenkomstig die Handves van Menseregte, waarmee hulle die Handves sélf onderskryf het en daarmee elke lid van elke gemeente in die milieu van "die GKSA" sinodokraties aan die Handves verbind het. Artikel 36 Nederlandse Geloofsbelydenis is aangepas om samewerking met 'n goddelose regime

moontlik te maak. Opeenvolgende vergaderings van "die sinode" het sedert die jare-sewentig sonder skroom, deur bemoeienis met maatskaplike én politieke sake, die Gereformeerde Gemeentes sinodokraties op die weg van apostase geplaas. Predikante wat dele van die Woord van God bevraagteken word deur meerdere vergaderings as predikant gehandhaaf, selfs nadat hulle na 'n ander staat van lewe oorgegaan het en nie meer deur 'n Kerkraad onderhou word nie.

**Die TSP het ooglopend tot 'n selfstandige instelling met 'n baie wyer bedrywigheidsterrein ontwikkel as wat Artikel 18 Kerkorde bepaal en waarvoor Gemeentes befondsing moet verskaf. Dit is bekend dat die staat déúr die *NWU* 4,5 professorate finansier wat beteken dat die regime inspraak in die opleiding van Gereformeerde predikante besit. *Wiens brood men eet*..... Twee teologiese professore beklee wesenlik voltydse posisies in die *NWU* maar behou hulle predikantskap. Deeglike besinning oor die TSP is ooglopend noodsaaklik.**

Deputate Owerheid se optrede is 'n tweede voorbeeld van eiesinnige en eiegeregtige afdwingende optrede. Synde 'n sinodaal-aangestelde kommissie vorm dit deel van sinodokratiese voorskriftelikheid. Uit verskeie verklarings en skriftelike mededelings volg die Deputate Owerheid wat deur Sinode-2012 aangewys is, die weg van minste weerstand **oftewel politieke korrektheid** om die huidige regime nie met die Woord te konfronteer nie, maar eerder met beroep op die Grondwet en Handves van Menseregte. Die verskoning wat die voorsitter skriftelik op 26 April 2013 daarvoor aanbied lui so: *Die primêre van 'getuienis lê by 'n kerk se profetiese die*

*plaaslike kerk.* Hoewel grammaties verward bevestig dit dat die plaaslike kerk die profetiese amp uitoefen. Wat uit die oog verloor word, is dat 'n deputaat/afgevaardigde slegs mág en móét doen wat sy afvaardigers wil hê hy moet doen. Dit geld bepaaldelik vir die verklarings wat hy namens die Kerkverband – dit wil sê namens elke betrokke Gemeente en dus ook namens elke lid van elke Gemeente – uitreik. Die plaaslike kerke het **gesamentlik** hom en sy mededeputate aangewys om ingevolge Artikel 28 KO *korrespondensie met die owerheid te onderhou om die nodige medewerking van die owerhede te verkry en in voorkomende gevalle as kerk van Christus voor die owerheid te getuig.* Die voorsitter erken dit: *Ons opdrag is baie duidelik: om die nodige skakeling met die regering.... te onderhou. Ook om "in die lig van die Skrif,Belydenis,Kerkorde (ART 28!), Sinodebesluite en Gereformeerde Etiek op die mees-effektiewe wyse daarop kommentaar te lewer.* Nogtans is Deputate Owerheid se benadering om die regime nie met die Woord te konfronteer nie en eerder met die Handves van Menseregte in die hand met hulle gesprek te voer. Duidelik heg Deputate Owerheid meer waarde aan die bewoording van 'n vergadering se besluit as aan die Kerkorde. Op grond dáárvan reken Deputate Owerheid dat hulle nie die profetiese taak van en namens hulle afvaardigers hoef na te kom nie.

Dit sal verkeerd wees om die skuld net op die struktuurgesindes te pak. Die plaaslike gemeentes staan medeskuldig omdat hulle die mistastings en aantastings van hulle taak gedoog, selfs dwalende oproepe klakkeloos nakom. Dit het in 2013 gebeur toe Klassis Potchefstroom ingevolge Sinode-12 se opdrag op 20 Junie 'n oproep aan alle Kerkrade in die dampkring van "die GKSA" rig om **drie maande later** op 15 September besonderlik vir die regime te bid en steun aan

die regime toe te sê in die bestryding van euwels soos moord, misdaad, korrupsie..... Dit terwyl die benaming *owerheid* volgens Romeine 13 die regime nie toekom nie. Dit terwyl die regime daarmee spog dat meer as 1 250 000 ongebore babas sedert 1997 in staatsgesteunde aborsieklinieke vermoor is. Dit terwyl korrupsie deur die regime self en sy meelopers floreer...... Tussen 20 Junie en 15 September het die twee uiterste skandale (Gupta en Nkandla) en talle ander skandale op ander leiersfigure van die regime. Maar Kerkrade het, stellig met uitsonderings, die oproep om 'n biddag vir die regime te hou, klakkeloos uitgevoer.

Waarom is en word daar nie ooreenkomstig Artikel 31 deur Kerklede of Kerkrade oor besluite van meerdere vergaderings opgetree nie? Enersyds doen weinig Kerkrade moeite om aan die handelinge van meerdere vergaderings aandag te gee, wat die graad van vervreemding van die Presbiteriale stelsel af weergee. Dit kan soms traakmynieagtigheid wees. 'n Sterk faktor is egter dat die ervaring van die afgelope dertig jaar en langer die vertroue in meerdere vergaderings en by name nasionale sinodes ondergrawe het, indien nie vernietig het nie. Hoeveel beswaarskrifte van Kerkrade én Gemeentelede is nie oor brandpuntbesluite ingedien nie – Nagmaalviering, Bybelvertaling, Cloetepsalms, Artikel 36 NGB, vrou-in-die-amp, ewolusie...... En hoeveel keer is die beswaar nie-ontvanklik verklaar nie, op tegniese gronde en halwe waarheid[12] opsygeskuif, besluite omseil of uitgestel nie! Dit is buitendien onmoontlik vir enige vergadering om 'n sakelys plus aanvulling van meer as 1000 bladsye binne hoogstens tien dae (waarvan minstens een dag aan bykomstighede en sosiale dinge

[12] Skrywer hiervan het dit by geleentheid ervaar.

verloregaan) deur te werk. Gevolglik kan geen saak indringend hanteer kan word nie. Dat die sakelys tot op die laaste teruggehou word sodat nie eers die getrapte afgevaardigdes dit vooruit kan deurgaan, laat staan bestudeer nie, vererger die toestand en dui onteenseglik op sinodokratiese ingesteldheid. Dit behoort tot ‘n vloedgolf besware by die volgende vergadering te lei. Die gevoel by getroue Kerklede het egter posgevat dat dit tevergeefse tydverkwisting is om beswaarskrifte op te stel, veral waar dit deesdae eers vertaal moet word. Alles dui op sinodokratiese deurjaag – opsetlik of onopsetlik – van sake. Kan Kerkrade en gemeentelede verkwalik word as hulle nie tyd en moeite en koste wil bestee aan ‘n proses wat vrugteloos lyk nie?

## Waarheen Nou?

Dr Abram Kuyper het dié twee weë vir die kerk onderskei:[13] Solank die kerk met onsuiwerheid, *impuritas,* te make het, soos dwaalleer en onverskilligheid en alles wat die brullende satan aanwend om die gelowiges afvallig te maak, geld *semper puranda* – **deurlopend suiwerend**. Geen kerk is ooit volmaak-suiwer nie omdat geen mens goed is nie. Teen onsuiwerheid kán en móét gestry word met prediking en huisbesoek en amptelike en onderlinge tug.

Daarteenoor kom die sterfpad[14] van die kerk in sig wanneer **de**-formering (afbreek van die vorm) intree en die **ge**-

[13] Ds J G Feenstra: *Onze Geloofsbelijdenis,* Derde druk, J H Kok NV Kampen 1960, bladsy 368vv, veral 377-381.

[14] Die gebeure van die afgelope dekades in Nederland regverdig die gebruik van so ‘n sterk woord. Die groot Gereformeerde Kerken Nederland, die Nederlandse Hervormde Kerk en die Lutherse

reformeerdheid (voltooide regstelling) aantas. Dan tree verbastering van kerk met wêreld in. Die kerk toon al hoe meer eienskappe van die wêreld, vind dit spoedig byna onmoontlik om hom daarvan los te maak, en dring al hoe meer apostaties in die wêreldlike en wêreldse milieu in. Het die Here Jesus nie Sélf gewaarsku dat God en Mammon nie saam gedien kan word nie? Wanneer dit gebeur, kry die sonde en ongeloof eweveel bestaansreg as die goeie en die geloof; iets wat spoedig daarop uitloop dat die geloof al hoe minder teen die ongeloof opstaan vanweë die mens se geneigdheid tot haat teen God en sy naaste.

Die kerk beleef **de**formering wanneer hy die gewete van gelowiges aan sy eie besluite en ordinansies bind omdat hy daaraan groter gesag as aan die Woord van God heg, sodat beroep op die Woord nie meer geld nie. Menslike insigte en insette word die uitgangspunt van die kerk. Leervryheid, vryheid van sin en denke, vrysinnigheid soos die miskenning van Genesis 1-9 deur 'n predikant, vloei daaruit voort. Die kerk laat dit aan die vryheid van ampsdraers en lede oor om te besluit of hulle die Woord van God reg verkondig al dan nie. Omdat die kerk met die wêreld heul, word diegene wat wél die Woord onvoorwaardelik as die Woord van God erken en daarom onaantasbare waarheid is, eenkanttoe geskuif.

---

Gemeenskap het in die Nederlandse Protestantse Kerk opgegaan wat nie op 'n vaste belydenisgrondslag staan nie. Klein oorblyfsels van elkeen bestaan wel nog omdat die betrokkenes nie hulle grondslag wou prysgee nie. Ook die Gereformeerde Kerken Vrijgemaakt wat in 1944 die oproep van Jeremia 6:16 gehoorsaam het, verkeer tans in groot verwarring.

Terwyl onsuiwerheid deurlopend bestry kán (en móét) word, is onenigheid met onderlinge verdraagsaamheid en sonder dwang verdraaglik. Geen kerklike en menslike verhouding hoef by die eerste openlike verskil en selfs verset te sneuwel nie, mág selfs nie sneuwel nie. Wanneer egter die grondslag of fondament van die verhouding aangetas word, word vervreemding en uiteindelik skeiding onvermydelik. Dit geld veral vir die kerk van Christus wat nie ŉ menslike en aardse instelling is nie en aan die gesag van sy Koning moet voldoen. Daarom, sê Kuyper, is **re**-formering, **her**-formering, **terug**-formering die enigste optrede om **de**-formering teen te gaan. Dit is waar die slagspreuk *semper reformanda* ter sprake kom – **deurlopend re-formerend**. Oor hoe hierteen opgetree móét word, laat Kuyper geen twyfel nie:[15] *Ons antwoord is dat die juiste forma ecclesiae voorgehou en die onverbiddelike eis gestel moet word dat die Kerk terugkeer en weer aan die ware forma ecclesiae moet beantwoord. Ook dit stel ons so absoluut moontlik. Ons mag hieroor nie redeneer nie, want dan gee ons toe dat afwyking van die forma ecclesiae geoorloof is, waarmee alle handelingskrag prysgegee word. Dit gaan hier nie om 'n platoniese stelling nie, maar wil stel dat alle reformering daartoe moet lei dat óf die Kerk haar egte forma herstel, óf dat ekself die kerk verlaat. Elke reformering moet steeds sê: U, Kerk, moet gehoorsaam, of u ontbind my van gehoorsaamheid aanu. U moet u met Christus verbind, of ek breek my band met u.*

Die besluit van 2012 oor 'n omkeerstrategie het "die GKSA" voor die werklikheid van kies geplaas. Dit het die onenigheid as krisis uitgewys en uitgeken sonder om dit enigsins te

[15] Feenstra, aangehaalde werk bladsy 381. Eie vertaling.

ontlont. Dit is stellig die groot verdienste daarvan omdat die kommissieverslag en die voortspruitende besluite van “die sinode” die pad vorentoe sal bepaal: ***Semper puranda*** of ***semper reformanda***.

Hierdie artikel gaan oor strukturalisme en politiek-maatskaplike (sosiale) optrede, *simptome* van “die GKSA” se apostatiese gang. Oor die oorsaak of oorsake daarvan mag daar soms iets deurkom, maar om dit uitdruklik te behandel sal op bevooroordeeldheid gunstig of ongunstig neerkom. Of die aangewese kommissie in sy verslag daarby uitkom of nie, wat sekerlik die bedoeling met sy opdrag was en is, sal dit nogtans die beplande vergadering van getrapte afgevaardigdes uit betrokke Gereformeerde gemeentes se taak wees om te oordeel waarom “die GKSA” op die apostatiese weg beland het. Die vergadering van getrapte afgevaardigdes van “streeksinodes” van “die GKSA” wat vir Januarie 2015 in die vooruitsig gestel is, sal nie bindende besluite kan neem nie, behalwe as die sakelys vooraf aan die Gemeentes beskikbaar gestel word. Dit geld bepaaldelik die verslag oor ‘n omkeerstrategie wat uiteraard die deurslaggewende saak op die sakelys moet wees en heel eerste uitvoerig behandel sal moet word. Voordat daar nie duidelikheid oor die toekomstige pad binne “die GKSA-milieu” kom nie, sal die behandeling van enige ander saak sinloos en verkwisting van tyd en kragte wees.

In Jeremia 6:16 spreek die Heilige Gees deur die profeet: *So spreek die HERE: Staan op die weë, en kyk en vra na die ou paaie, waar tog die goeie weg is, en wandel daarin; en julle sal rus vind vir julle siel.* Ons vaders het in 1859 hieraan gehoor

gegee sodat die slotwoorde van die teks nie op hulle van toepassing geword het nie.

**In Januarie 2015 sal DV die streeksinodes in "die GKSA" ouderlinge en predikante en ouderlinge na 'n nasionale sinode afvaardig volgens die stelsel van getrapte verteenwoordiging van Gemeentes. Die getrapte afgevaardigdes sal as die deputate, die afgevaardigdes, die verteenwoordigers van Gemeentes in die ressort van hulle streeksinode, in sinodale vergadering byeenkom. Sal hulle die sendende Gemeentes vooraf raadpleeg, veral oor die verslag oor 'n omkeerstrategie? Sal hulle aan die Gemeentes wat hulle verteenwoordig verslag doen? Dit is die aangewese, sinvolle, eerbare Presbiteriale weg van die Dordtse Kerkorde. Dit stel die eis aan die vergadering om die verslag oor 'n omkeerstrategie eerste en uitvoerig in behandeling te neem teneinde te verseker dat verdere beraadslaging en besluitneming sinvol sal wees.**

-0-0-0-0-0-0-0-

# BYLAE

# Kerk van Christus – Waarheen? Reformasie teenoor Transformasie[16]

Dr P E van der Dussen
1966

## Uittreksel uit Hoofstuk 3
## Sosio-politieke Betrokkenheid – Glybaan na Apostase

### Die GKSA op pad na apostase[17]

Spoelstra[18] praat van *huidige wêreldwye verrotting in gereformeerde geloof en godsdiens in bepaalde kringe* en verklaar: ***Die GKSA het stilswyend gebreek met Skrif- en histories gegronde belydenis*.** Die kerk word toenemend as 'n menslike, 'n sosiologiese, 'n samelewingsinstelling gesien. *Waar die kerk op 'n outentieke wyse bestaan, is haar blote bestaan 'n kritiek op die samelewing. Versoening, genade en hoop is sake waarom dit in die kerk gaan, maar wat nie in die samelewing gevind word nie. Die Kerk is 'n unieke gemeenskap – 'n skepping van God. Die kerk moet konteks-sensitief wees. Op kerklike wyse moet die volgende sake hanteer*

---

16 Die boek van sowat 100 blasye is op versoek gratis beskikbaar. Dit behandel die bostaande artikel breedvoerig.

17 Die HAT noem apostas(i)e *geloofsversaking*, en 'n apostaat noem hy *'n verloënaar van die geloof*. Om 'n kerk as apostaat te bestempel is geen geringe saak nie. Kyk V E d'Assonville sr: *Die Koms van Christus en die Antichris,* Marnix, 2006, bls 73. Daar teken hy die kerk se bemoeienis met poltieke vraagstukke as owerspel met die owerhede.

18 *Die Kerkpad,* Mei 2006, bls 7-9.

*word: misdaad, armoede, werkloosheid, HIV, rassisme, korrupsie, regstellende aksie, ekologiese versteurings, ens.*[19]

Die lys kan uitgebrei word. Die sake is almal mensgerig en 'n uitdrukking van humanisme wat téénoor die verlossingsleer in die Belydenis staan. Hoedanig die GKSA as Kerkverband r*eeds* in hierdie rigting beweeg het, blyk uit Sinode-2003 se opdrag aan die Deputate vir Korrespondensie met Sentrale, Provinsiale en Munisipale Owerhede.[20] Vyf voorbeelde van sosio-politieke betrokkenheid word uit die Handelinge voorgehou.

**Voorbeeld 1: Geweldsmisdaad**

Die Deputate kry opdrag om *alle rolspelers – die kerk, die samelewing en die owerheid (nasionaal, provinsiaal en munisipaal) – van die omvang van die geweldsprobleem te laat kennis neem en met mekaar in gesprek laat tree om gesamentlik te besin oor hoe die probleem van geweld die beste aangespreek kan word*. Die Deputate moes namens die GKSA en dus namens elke Kerkraad as koördineerder oor die wesenlike ampstaak van elke owerheid optree soos dit in Rom 13 uiteengesit word. 'n Owerheid is *'n dienaar van God, die mense ten goede*. Want 'n owerheid *dra die swaard nie verniet nie, want hy is 'n dienaar van God, 'n wreker om die een wat kwaad doen te straf*.[21] Doen hy dit nie, versaak hy sy ampstaak en is hy nie 'n dienaar van God nie. Nie die kerk (of enige ander sogenaamde rolspeler) het die opdrag en reg om hierdie taak te verrig nie.

Die misdaadtoestand is so ver gevorder dat 'n toenemende neiging sigbaar is dat mense die reg in eie hande neem omdat die regime nie deur middel van die polisie en ander dienste die

---

19 *Teologie/Theology te/at Kovsies, 25-jarige Feesuitgawe*, September 2005, Inleidingsartikel. Bekombaar by www.google.com.

20 Handelinge-2006, bls 170-171. Volgende aanhalings kom ook hieruit.

21 Rom 13:4.

misdaadtoestand kan of wil beheer nie. Misdadigers van die ergste graad loop vry rond en amnestie word aan geweldsmisdadigers verleen. Romeine 13 omskryf 'n owerheid se taak eenduidig as die gebruik van die swaard om die kwaaddoeners te straf en die burgery te beskerm. Doen hy dit nie, tree hy in die sin van Art 36 NGB in stryd met die Woord van God op. Deur hierdie eenduidige taak nie uit te voer nie verbeur 'n regime die aanspraak op owerheidskap en het die burgery geen keuse as om hom ooreenkomstig Art 36 NGB ongehoorsaam te wees nie. Sekerlik lê dit op die weg van die Kerk om hieromtrent leiding te gee sodat dit op ordelike wyse geskied onder leiding van sogenaamde volksmagistrate of burgerlike beheerders en nie in anargie oorgaan nie. Dit is egter nie die Kerk se taak om regstreeks by die misdaadtoestand betrokke te raak nie.

Teenoor 'n regime het die Kerk die roeping om hulle tot bekering op te roep, nie om hulle te help beplan of voor te skryf hoe hulle die saak moet aanpak nie. In die heersende omstandighede sluit dit in dat die Kerk die regime onomwonde voor die werklikheid stel dat hy geen aanspraak op erkenning as owerheid het solank hy nie die eenduidige taak in Rom 13 uitvoer nie.

Beskeidenheid is nie 'n kenmerk van die opdrag nie. Afgesien van die beginselstellingname hierbo is die kerk nie bevoeg of in staat om die opdrag te kan uitvoer nie. Die kerk beskik nóg oor die kundigheid nóg oor die mannekrag nóg oor die organisasie om misdaad te bestry. Verder kan die GKSA as Kerkverband onmoontlik nie alle standpunte oor die saak onder die lidmate tot praktiese toepassing bring nie.

**Voorbeeld 2: Armoede en werkverskaffing**

Aan die Deputate is verder opgedra om *saam met reeds bestaande instellings en organisasies advies te gee aangaande hulpverlening ten opsigte van die armoedevraagstuk, veral met betrekking tot projekte vir werkverskaffing – projekte wat arm mense begelei na volhoubare inkomstes, verder om getuienis te laat hoor teenoor*

*enige sisteem en skema, van wie ook al, wat mense verarm en uitbuit*.

Dit is die *priesterlike ampstaak* van die ware Kerk om in die nakoming van die diakonale amp *aan almal goed te doen, maar die meeste aan die huisgenote van die geloof*.[22] Dit is die *profetiese ampstaak* van die ware Kerk om die nakoming van die Vierde Gebod te verkondig, naamlik dat elkeen ses dae van die week móét werk. Dit is die *koninklike ampstaak* van die ware Kerk om teen die agtergrond van Gen 3:17-19 te verkondig dat wie nie wil werk nie, ook nie moet eet nie.[23]

Dit beteken nie dat die ware Kerk onverskillig mag staan teenoor diegene wat wil werk maar wat in die ekonomiese stelsel nie 'n betrekking vind, nie in diens geneem word nie. Inteendeel is dit deel van die diakonale amp om sulke mense in nood by te staan en behulpsaam te wees in die soeke na 'n betrekking.

Dit lê egter nie op die weg van die kerk om by *projekte vir werkverskaffing* betrokke te raak nie. Die kerk is ook nie bevoeg of in staat om dit te doen nie. Werkverskaffing is 'n misleidende politieke slagkreet. Geen mens begin 'n onderneming met werkverskaffing as doelwit nie. Die doelwit met 'n onderneming is om by wyse van wins 'n inkomste vir die ondernemer te verkry. Om daardie doel te bereik is dit meestal nodig om ander mense in diens te neem. Werkgeleenthede ontstaan, kom voort uit die winsdoelwit van die ondernemer, nie uit 'n doelwit om werk aan mense te verskaf nie. Dit is 'n totaal irrasionele manier van dink. 'n Ekonomiese stelsel wat hierop berus sal gou ineenstort.

**Voorbeeld 3: Betrokkenheid by wetgewing**

'n Wye opdrag is dat die Deputate wetgewing *voortdurend moet monitor en voorgestelde wetgewing bestudeer en in die lig van die Skrif, Belydenis, Kerkorde,* ***Sinodebesluite en Gereformeerde etiek***

22 Gal 6:10.
23 2 Thess 3:10.

*op die mees effektiewe manier daarop kommentaar te lewer*. Dit val op dat **Sinodebesluite en Gereformeerde etiek** by die drie grondslae van die ware Kerk, naamlik Skrif, Belydenis en Kerkorde gevoeg word. Die indruk word gewek dat sekere Sinodebesluite nie met Skrif, Belydenis en Kerkorde versoenbaar is nie. Dit geld ook vir Gereformeerde etiek. Die status van 'n sinodale vergadering word bo die presbiteriale Kerkregeerstelsel verhef. Dit voer die Kerkverband gevaarlik nader aan die valse kerk wat in Art 29 NGB beskryf word as 'n kerk *wat aan homself en sy ordinansies meer mag en gesag toeskryf as aan die Woord van God en hom aan die juk van Christus nie onderwerp nie*.

Die Deputate Owerhede het aansluitend die volgende voorstel aan Sinode-2006 voorgelê:[24] *Die Sinode dra dit aan die te benoeme Deputate Owerheid op om op grond van die Gereformeerde Belydenis 'n grondige beoordeling van die grondwetlik-demokratiese staatsbestel waarbinne die RSA tans staan, te maak en dit aan die Part Sinodes, Klassisse en gemeentes voor te lê as riglyn vir gesprekke met die regering van die dag en ander owerheidsinstansies.* Drie voorbehoude word gestel: Dit moenie 'n evaluering van die regime se beleid wees nie; dit moenie die gebrekkige daarstelling van 'n egte grondwetlike demokrasie beoordeel nie, en die verslag moenie voorgee om volledig te wees nie aangesien dit vanuit 'n baie spesifieke hoek benader word. *Die doel wat hierdie beoordeling wél moet dien, is om in die lig van ons Belydenis, te oordeel hoe die kerk sy taak as dienaar van God binne 'n grondwetlike demokrasie kan volvoer. Terselfdertyd moet vasgestel word hoe en of Artikel 36 NGB, volgens sy huidige formulering, uitvoerbaar is binne die staatkundige realiteit waarin ons onsself bevind.*[25] *In 1994 is 'n grondwetlike demokrasie (regstaat) in Suid-Afrika gevestig wat 'n verskuiwing in die verhouding tussen die owerheid en kerke gebring het. Sedert 1994 het dit duidelik geword dat die tradisionele werkswyse wat deur die*

24 Handelinge-2006, bls 175-176 § 3.3.

25 Handelinge-2006, bls 176 § 3.3.4 en 3.4.

*GKSA gevolg is om getuienis teenoor die owerheid te lewer hersien moet word.Terselfdertyd het NGB Art 36 binne 'n historiese konteks ontstaan waarin die teokrasie*[26] *as staatsvorm gehandhaaf is. Die werklikheid is egter dat ons situasie radikaal verskil van die situasie waarbinne die NGB ontstaan het. Dit is daarom noodsaaklik om aandag te skenk aan die hermeneutiese vraagstuk: Hoe lewer ons getuienis binne 'n nuwe staatkundige opset? Hoe kom ons tot 'n verantwoorde lees van die Belydenisskrifte waarin die verskil in historiese konteks ernstig opgeneem word, maar waarin ons steeds poog om ernstig te luister na wat vir ons gesê word?* Hierdie beskouing is 'n voorsetting van die nuwe hermeneutiek wat op die sosio-historiese Skrifuitleg gegrond is.

Sinode-2006 het die voorstel nie goedgekeur nie. Die beredenering toon egter die gedagtegang van die Deputate Owerhede dat minstens Art 36 NGB hersien moet word. Soos in Hoofstuk 3 getoon word, mag dit slegs geskied as aangetoon kan word dat dit nie met die Woord van God ooreenstem nie. Die Deputate vra egter wysiging van Art 36 NGB op grond van politieke en ideologiese oorwegings. D'Assonville[27] sê hieroor: *Die beleid van die staat mag nooit die belydenis van die kerk, dat die Bybel die gesagvolle Woord van God is, vervang nie.* (Skrywer se beklemtoning.) Weereens kom die valse kerk in die gesigsveld.

Dit is duidelik dat die Deputate Owerheid 'n eiesoortige siening van hulle taak het wat nie met die profetiese taak van die ware Kerk

---

26 Daar was in die 16e en 17e eeu geen sprake van teokrasie nie. Die Roomse Kerk het die Heilige Romeinse Ryk gedurende die Middeleeue totstandgebring en in die Renaissancetyd gehandhaaf deur seggenskap oor die aanstelling van die konings van onder meer Frankryk en Spanje te behou. Daarteenoor het die Hervormers hulle hiervan losgemaak, soos die brief van Guido de Brès aan die Franse koning duidelik maak. In Nederland, waar die Gereformeerde leer die sterkste tot uiting gekom het, is die kerklike heerskappy uitdruklik beëindig en het Dordt in Art 36 NGB en Art 28 KO die saak bo alle twyfel gestel.

27 V E d'Assonville sr, bls 73.

ooreenstem om te alle tye **op Skriftuurlike wyse** uit die Woord van God te getuig nie en is daarin deur Sinode-2003 en Sinode-2006 gesteun. Die Kerk mag nie sy seile na die wind van nuwe staatkundige opsette span nie. Hy moet op vaste grond sy ampstaak uitvoer, dan sal daar geen tweedrag ontstaan nie en sal die eenheid in die Kerke en die krag van die profetiese getuienis onskendbaar bly. Of die owerhede na die getuienis van die Kerk luister is nie vir die uitvoering van dié ampstaak tersake nie.

Die opdragte van Sinode-2003 is deur Sinode-2006 verder gevoer met die besluite om by die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke aan te sluit en by die Parlementêre Lessenaar van die Nederduits Gereformeerde Kerk in te skakel.[28] Verder beweeg die Konvent van Reformatoriese Kerke, waarin die GKSA 'n leidende rol speel, ook op die sosio-politieke terrein. Sinode-2006 het besonderlik die GKSA-kerkverband tot deelname aan en ondersteuning van die politieke beleid van die regime verbind.

**Voorbeeld 4: Die grondhervormingsprogram**

Die Deputate het 'n bykomende opdrag gekry om by die sogenaamde grondhervormingsprogram van die ANC-SAKP-regime betrokke te raak.[29] **Die bewoording van die voorstel van Suidelike Partikuliere Sinode laat geen twyfel dat hulle die program steun nie, en Sinode-2006 het met sy besluit elke Gereformeerde Kerkraad binne die GKSA daaraan gebind.** So word aan die ANC-SAKP-regime te kenne gegee dat elke lidmaat van 'n Gereformeerde Kerk die grondhervormingsprogram onderskryf. **Daarmee knieval Sinode-2006 namens die GKSA voor die Kommunisties gedrewe politieke program van die ANC-SAKP en verlaag die GKSA sodoende tot 'n politieke lakei. Dit is 'n groot tree op die weg van apostase.**

28 Hierdie besluite word in Hoofstuk 5 uitvoerig behandel.
29 Handelinge-2006, bls 831-834.

**Voorbeeld 5: Die GKSA en die *Northwest University***

'n Laaste saak wat op die apostatiese benadering in die GKSA wys verskyn in §4.4 van die *Ooreenkoms tussen die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika*[30] *en die Northwest University*: *Die Universiteit onderneem om saam met die Senaat van die Teologiese Skool die studie van teologiese studente waar te neem ooreenkomstig die reformatoriese teologie,* ***soos byvoorbeeld vergestalt in die navorsingseenheid van die Fakulteit Teologie, naamlik*** **Die Reformatoriese Teologie en die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse samelewing.** Die reformatoriese teologie (let wel: nie die **Gereformeerde** teologie nie) waarin die teologiese studente opgelei word, word binne die raamwerk van die sosio-politiek geplaas. So word toekomstige predikante van die GKSA in die weë van *social gospel* opgelei.[31]

**Die Kerk se roeping**

Die bostaande vyftal sake lê almal op die weg van owerhede met bepaalde politieke programme binne 'n regeerstelsel of regime. Sodra die Kerk hom hiermee begin bemoei, begeef hy hom op die politieke terrein volgens die heersende partypolitieke ideologieë en bepaaldelik die ideologiese grondslag van die regering-van-die-dag. Die ANC-SAKP-regime in Suid-Afrika se ideologiese inslag is Kommunisties en hy bring dit in die praktyk en voer dit as beleid uit. Dit is nie die Kerk se taak om enigsins aan hierdie beleidsuitvoering mee te werk nie. Inteendeel is dit die Kerk se taak om uit die Woord die wesenlike sondigheid van die Kommunistiese ideologie te verkondig, en te verkondig dat die Here HERE dit nie onbepaald sal verdra nie.

---

30 Verteenwoordig deur die Kuratorium wat oor die opleiding van predikante vir die GKSA toesig moet hou.

31 'n Uitgebreide Beswaarskrif van P van der Kooi teen die invoering van dialektiese teologie is aan Sinode-2006 voorgelê maar op tegniese gronde nie ter tafel geneem nie.

**Sake op die horisontale terrein hoort nie op die weg van die Kerk nie.** Die Kerk is nie 'n wêreldlike mensgemaakte instelling of organisasie nie en mag nie take op hom neem wat nie tot hom hoort en hom nie toekom nie. Die ware Kerk is deur God Self ingestel en het die taak om die Evangelie te verkondig deur middel van drie dienste: Woordbediening (die profetiese), ordening en tug (die koninklike), en barmhartigheid (die priesterlike amp). Dat die Kerk die lewensomstandighede van lidmate en die omstandighede in die wêreld daarbuite toelig en aanraak, spreek vanself.[32] Hy mag egter nie daarin vasval en in sy doen en late bemoeisiek wees en 'n humanistiese gees van liefdadigheid bo die Evangelie van verlossing stel nie. Soos Paulus waarsku:[33] *As ons net vir hierdie lewe op Christus hoop, dan is ons die ellendigste van alle mense.*

D'Assonville[34] plaas politieke bemoeienis van die kerk in eskatologiese verband wanneer hy na die groot hoer in Openbaring 17 verwys: *Sy was 'n spesifieke persoon of instansie wat met die politieke leiers van die wêreld owerspel gepleeg het. Ons moet onthou dat ons hier met 'n visioen te doen het. Die boodskap word deur 'n visioen wat Johannes gesien het vandag aan die kerk deurgegee. En nou weet ons:* ***As die kerk of sinodes (tydelike vergaderings wat besluite neem), haar met die politiek begin bemoei en politieke sake op hulle tafel neem of insette vir die landspolitiek begin maak, waar dit nie meer oor God se Woord gaan nie – dan begin die kerk op die pad van owerspel met die staat beweeg.*** *Pasop, terugkeer word al hoe moeiliker! Nooit is die kerk se bestaan van 'n politieke party of 'n politieke ideologie afhanklik nie. Die beleid van die staat mag nooit die belydenis van die kerk, dat die Bybel die gesagvolle Woord van God is, vervang nie.* (Skrywer se beklemtoning.)

---

32 Joh 17:14vv.

33 I Kor 15:19.

34 V E d'Assonville sr, bls 73.

Greijdanus[35] voer in sy verklaring van Openbaring 18 die saak verder. Vers 4 meld dat Johannes *'n ander stem uit die hemel hoor sê: Gaan uit haar uit, My volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plae ontvang nie.* Dat dit **'n stem uit die hemel** is wat die opdrag aan **My volk** gee, laat blyk dat dit die Here Self is wat spreek, wat Sy volk, die ware Kerk, waarsku en hulle wil beskerm: As hulle gemeenskap met die sondes van Babilon beoefen, verwerf hulle ook die plae oor Babilon. Die oproep om uit haar uit te gaan, beteken nie noodwendig dat hulle dit na die liggaam moet doen nie. Dit is 'n geestelike oproep om hulle van Babilon se invloed te bevry. Die gelowige is *in* maar nie *van* hierdie wêreld nie. Sy getuienis moet voortgaan en na die hele wêreld uitgaan.[36] Hy moet hom egter in hierdie wêreld afsonder van die mense wat van die wêreld is.[37] 'n Kerk wat hom nie van Babilon losmaak nie en selfs met Babilon saamwerk, al is dit met die verskoning dat die Woord orals gehoor moet word, is ongehoorsaam aan die Here en ontrou aan sy aard en roeping.

Volgens Van Oene[38] het (gereformeerde) Kerke in die algemene sin in Art 28 KO ooreengekom dat die gewoonte van ontroue of apostate kerke **om met openbare verklarings en optredes of deur rewolusionêre groeperinge te steun in allerlei politieke sake in te meng**, in stryd is met die kerk en onversoenbaar met die gedragswyse wat ooreenkomstig die Woord van God behoorlik is. Inderdaad meen hy dat daar 'n tyd kan kom dat ons dankbaar sal wees oor die insluiting van hierdie artikel in ons Kerkorde omdat dit tot seën en voordeel sal wees dat ons kan toon dat die Gereformeerde Kerke wesenlik van daardie religieuse liggame verskil wat aan die ware aard van die kerk ontrou geword en tot politieke en sosiale organisasies onder die dekmantel van die kerk

35 Bls 267 saam met sy kommentaar oor Opb 18 as geheel, bls 264vv.
36 Joh 17:9-19.
37 I Kor 5:9-11.
38 Kyk voetnoot 50.

gedegenereer het. Die implikasie is duidelik: Ware Kerke moet apostate of ontroue kerke tug deur van hulle af te skei.

In die woordgebruik van Van Oene het *die GKSA as Kerkverband* ver op die pad van apostase gevorder en bevind hy hom reeds op die glybaan van ontroue kerk wat eienskappe van die valse kerk openbaar. Dit word gevaarlik. Soos d'Assonville aantoon word terugkeer al hoe moeiliker.

Afgesien van die bostaande beginselstelling moet gestel word dat geen kerk of kerkverband oor die vakkundige of materiële of ander nodige vermoëns beskik om aan die uitvoering van sosio-politieke sake mee te werk nie. Hy mag hom ook nie daaroor uitspreek nie, **behalwe wanneer dit blyk dat dit in stryd met die Skrif is,[39] en dan net oor die Skriftuurlike beoordeling**. Die ware Kerk sal hom op Skrifgronde van 'n saak losmaak en sy lidmate daartoe opvorder, terwyl hy duidelike getuienis teenoor die betrokke owerhede uitspreek om hulle van hulle sondige weg te bekeer. Dit is die weg wat Daniël en sy drie vriende gevolg het. Dit is die weg wat Johannes die Doper gevolg het. Dit is die weg wat Petrus en Johannes gevolg het. Dit is die weg wat Paulus gevolg het. Dit is die weg wat Luther, Calvyn en De Brès gevolg het. **Daar is geen ander weg wat die ware Kerk ooit kan volg nie, nie nou nie, nie in die toekoms nie, nie aan die einde van die dae wanneer die ware Kerk uit Babilon moet uitgaan nie.[40]**

Luther en Calvyn het onverskrokke op duidelike Skrifgronde hulle teen die valse leer in die Roomse Kerk verset. Die Kerk het vandag die taak om hom selfs sterker en duideliker teen die heersende antichristelike ideologie te verset. Wat die owerhede betref, beteken voorbidding nie dankgebede en goedpratery en blindelingse onderskrywing nie. Die Kerk het die taak om die owerhede op hulle roeping ooreenkomstig Art 36 NGB en Rom 13 te wys, hulle aan te spreek en om hulle bekering te bid indien hulle

---

39 Art 36 NGB.
40 Openb 18:4.

daardie roeping nie nakom nie. Die Kerk mag en moet misstande vanuit die Woord aan owerhede uitwys, veral as die owerhede ongelowig en dus onkundig is. Die Kerk mag hom egter nie op die terrein van die owerheid begewe nie.

====================